Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 109\05

Datum gelewer: 2006-08-14

In die kamer appél van:

**DAWID KLAASTE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is in die streekhof skuldig bevind aan twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer en een aanklag van verkragting. Die twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en die appellant is daarvoor gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf. Op die verkragtingsaanklag is die appellant tot 20 jaar gevangenisstraf gevonnis. Die verhoorhof het gelas dat die vonnis van 3 jaar gevangenisstraf soos voormeld, samelopend uitgedien moet word

met dié van 20 jaar gevangenisstraf vir verkragting. Die appellant kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen sy opgelegde vonnis.

2. Me Segone, wat namens die appellant betoogshoofde hierin voorgelê het, het heeltemal te verstane glad nie die vonnis op die twee klagtes van aanranding met die opset om ernstig te beseer enigsins aangeval nie. Sy het egter wel breedvoerige submissies gemaak aangaande die vonnis van 20 jaar gevangenisstraf op die aanklag van verkragting. Ek behandel vervolgens slegs die laasvermelde vonnis van 20 jaar gevangenisstraf verder hierin.

3. ‘n Nuttige vertrekpunt ten aansien van die voormelde vonnis vir die verkragting, is die feit dat beide Me Segone vir die appellant en Mnr. Barnard vir die Staat, hierin dit eens is dat die landdros misgetas het aangaande die reg en meer bepaald ten aansien van die minimum termyn van gevangenisstraf wat statutêr voorgeskryf word vir die onderhawige misdryf en wel in artikel 51(2) van Wet 105 van 1997. Hierdie is die appellant se tweede skuldigbevinding aan verkragting – die vorige een was gedurende 1992. Beide advokate is korrek in hul submissie dat die streeklanddros verkeerdelik onder die indruk verkeer het dat hierdie misdryf ressorteer onder artikel 51(2)(a)(ii) van die voormelde Wet. Daardie subartikel skryf ‘n minimum vonnis van 20 jaar gevangenisstraf voor vir ‘n geval waar ‘n persoon skuldig bevind is aan ‘n misdryf na verwys in Deel II van Skedule 2 en waar só ‘n

persoon 'n tweede oortreder is ten aansien van sodanige misdryf. Verkragting, wat gepleeg is in ander omstandighede as bedoel in Deel I van Skedule 2 en waarvoor lewenslange gevangenisstraf statutêr voorgeskryf word, val egter nie onder Deel II van Skedule 2 nie, maar wel onder Deel III van daardie bepaalde skedule. Gevolglik moes die streeklanddros gehandel het ingevolge die bepalings vervat in artikel 51(2)(b)(ii) van die voormelde Wet, waarvolgens 'n minimum termyn van 15 jaar gevangenisstraf voorgeskryf word in die geval van 'n tweede oortreder van sodanige misdryf.

4. Gegewe die feit dat die streeklanddros kennelik misgetas het op die reg, soos voormeld, staan dit hierdie Hof vry om opnuut op appél te besin aangaande 'n gepaste vonnis hierin. Só 'n oorweging verg 'n noukeurige ontleding van die drie kernfaktore, te wete die aard en erns van die misdryf, die gemeenskap se belange en die appellant se persoonlike omstandighede. Wat laasvermelde aanbetref, is die appellant se persoonlike omstandighede as volg:

a) Hy was 32 jaar oud ten tyde van vonnisoplegging, ongetroud en die vader van 3 minderjarige kinders wat op daardie stadium 7 jaar, 7 jaar (by 'n ander vrou) en 1 maand oud was. Hy het dié drie kinders almal onderhou, aangesien die kinders se moeders werkloos was.

b) Die appellant het sy vader bygestaan met 'n varkboerdery. Die appellant se ouers, by wie hy ingewoon het, was albei sieklik en bejaard.

Die appellant het origens ook 'n vaste werk gehad as boukontrakteur en verwer waar hy ongeveer R1200 per maand verdien het.

c) 'n Ander belangrike aspek van die appellant se persoonlike omstandighede is dat hy twee vorige veroordelings het, wat albei tersaaklik tot die onderhawige geval is. Die appellant is naamlik op 18 September 1992 skuldig bevind aan verkragting (dus ongeveer 10 jaar voordat hy skuldig bevind is aan verkragting in die onderhawige geval) en is daarvoor gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Hy is op die 11de Julie 1995 vrygelaat op parool tot 17 September 1996. Daarna en wel op 5 Julie 1996, d.w.s. tydens die voormelde parooltydperk, is die appellant skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en is hy gevonnis tot 4 jaar gevangenisstraf. Hy is op 31 Oktober 1996 hertoegelaat om 329 dae gevangenisstraf uit te dien vir die paroolbreuk. Die appellant is toe op 14 Januarie 2000 vrygelaat op parooltoesig tot 29 November 2000 ten aansien van sy vonnis van 4 jaar gevangenisstraf soos voormeld. Hy het die onderhawige misdrywe derhalwe gepleeg min of meer twee jaar nadat sy laaste parool tydperk verstryk het.

5. Wat die aard en erns van die misdryf aanbetref, som ek bondig die tersaaklike gebeure as volg op:

a) Die appellant is skuldig bevind dat hy die klaagster op die verkragtingsaanklag, Catherina Rooi ("*Catherina*"), sowel as haar moeder, Maria Rooi ("*Maria*"), aangerand het deur hulle met 'n bottelkop te steek – vir Catherina onder haar arm en vir Maria in die kop. Laasvermelde wond is deur die streek-landdros beskryf as 'n baie slegte wond wat 'n duidelike letsel gelaat het en blyk dit dat Maria se hare nie meer groei op haar kop waar die letsel voorkom nie. Die appellant was klaarblyklik bekend aan die twee klaagsters en het soms by hulle oorgeslaap. Hy het dié aand, terwyl hulle geslaap het, vir Catherina begin molesteer en met 'n bottelkop onder die

arm gesteek. Toe Maria tussenbeide probeer tree, het die appellant haar met dieselfde bottelkop op die kop gesteek. Hy het vir Catherina teen haar sin daar weggeneem vanuit die huis ten aanskoue van haar moeder en andere, en het haar toe, terwyl die bottelkop nog in sy besit was, verkrag. Dit is dus duidelik dat die appellant hom skuldig gemaak het aan baie ernstige misdrywe.

6. Die gemeenskap se belange in sake soos hierdie spreek vanself. Die Noord-Kaap en veral die streekafdeling Gordonia, waar hierdie saak vandaan kom, gaan gebuk onder 'n onrusbarende vloedgolf van verkragtings. Dít is ons ervaring as Regters, nie net by die sake wat onsself aanhoor nie, veral op rondgang in die Gordonia-streek, maar ook in die talryke appélle wat ons hanteer. Dit is dus vanselfsprekend dat die howe daartoe geroepe is om gepaste vonnisse met die nodige afskrifwaarde op te lê in sodanige sake.

7. Die streeklanddros het 'n baie volledige en deeglike uitspraak gelewer. Behalwe vir sy mistasting oor die reg aangaande die minimum termyn van gevangenisstraf wat voorgeskryf is, soos voormeld, kan daar glad geen fout gevind word met sy benadering ten aansien van vonnisoplegging nie. Hy het die appellant se persoonlike omstandighede volledig bespreek en aan oorweging verleen. Dit blyk ook uit sy uitspraak dat die streeklanddros volledig in ag geneem het wat die gemeenskap se belange behels, te wete die drieledige benadering dat die samelewing eerstens

beskerm moet word teen die gedrag van 'n bepaalde oortreder, tweedens dat andere moet afgeskrik word teen soortgelyke misdadige optrede en derdens dat uitdrukking gegee moet word deur die opgelegde vonnis aan die samelewing se erkende verontwaardiging ten aansien van die misdryf wat gepleeg is en om vrede en orde in die samelewing te herstel. Laastens het die landdros ook deeglik in ag geneem die aard en erns van die misdrywe, veral die feit dat verkragting so akuut voorkom in die Noord-Kaap en veral in Gordonia en ook die feit dat Catherina oop en bloot ten aanskoue van haar moeder en andere weggeneem is uit die huis om elders verkrag te word.

8. Daar was voor die streeklanddros en ook deur Me Segone in haar betoogshoofde 'n submissie gemaak dat die appellant se vorige veroordeling van verkragting baie oud was. Ek is die mening toegedaan dat die streeklanddros heeltemal korrek was in sy benadering dat, alhoewel hierdie aspek in ag geneem kan word, dit nie uit die oog verloor moet word nie dat die appellant vir 'n groot gedeelte van die tydperk van 10 jaar wat die huidige misdrywe voorafgegaan het, in die gevangenis verkeer het. Dit is dus 'n aspek wat nie veel gewig kan dra nie, soos wat Mnr. Barnard tereg aangevoer het in sy betoogshoofde.

9. Me. Segone het aan die hand gedoen dat die streeklanddros ook gefouteer het deur te bevind dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede bestaan om af te wyk van die statutêr

voorgeskrewe termyn van gevangenisstraf nie. Ek stem nie saam nie. Die appellant se optrede is hoogs afkeurenswaardig, aangesien hy die twee klaagsters gaan aanrand het in die veiligheid van hulle huis en toe vir Catherina weggeneem het, ten aanskoue van andere, om haar te gaan verkrag, terwyl hy nog in besit was van die bottelkop. Daar is verder niks in die appellant se persoonlike omstandighede wat hoegenaamd as wesenlike en dwingende omstandighede kan kwalifiseer nie. Wanneer die toets soos voorgehou in **S v Malgas 2001(1) SASV 69 (HHA)** voor oë gehou word, is ek van mening dat daar geen basis is om in te meng met die streeklanddros se bevinding dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan in die onderhawige saak ten aansien van die verkragtingsaanklag nie.

10. Dit is duidelik dat die streeklanddros, gegewe sy bevinding soos voormeld dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie, se bedoeling was om die minimumvonnis soos voorgeskryf in artikel 51(2) van Wet 105 van 1997 op te lê en nie meer as dit nie. Ek is ook die mening toegedaan dat in die omstandighede van hierdie saak die voorgeskrewe minimum vonnis gepas sal wees. Vanweë die streeklanddros se voormelde mistasting wat alreeds volledig behandel is, is daardie minimum termyn egter nie 20 jaar nie, maar wel 15 jaar gevangenisstraf.

11. Gevolglik reik ek die volgende bevel uit:

**11.1 Die appellant se appél teen vonnis slaag gedeeltelik.**

**11.2 Die appellant se vonnis van 3 jaar gevangenisstraf op aanklagte 1 en 3 vir aanranding met die opset om ernstig te beseer word bekragtig.**

**11.3 Die appellant se vonnis van 20 jaar gevangenisstraf op aanklag 2 (verkragting) word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf.**

**11.4 Die vonnis op aanklagte 1 en 3 hierbo sal samelopend uitgedien word met die vonnis op aanklag 2.**

**11.5 Die vonnisse word teruggedateer tot 27 Augustus 2003.**

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

**HJ LACOCK**
**REGTER**

NAMENS APPELLANT : ADV BB SEGONE (REGSHULP)
NAMENS RESPONDENT : ADV T BARNARD